Volume 11 2007 ISSN 1683-1713

REKNUUS

Algemene nuusgids van die Departement Rekeningkunde

Welkom aan ons eerste 'Thuthuka-20'!

Ons het in die vorige uitgawe van Reknuus berig oor hoe die Departement daarna uitsien om sy eerste groep Thuthuka-studente in 2007 te verwelkom. Thuthuka is 'n transformasie-inisiatief van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) wat daarop gemik is om voorheenbenadeelde leerders in skole aan te moedig om 'n loopbaan in die geoktrooieerde rekenmeestersveld te volg. Die Departement Rekeningkunde se Thuthuka-program fokus veral op Afrikaanssprekende studente uit die bruin bevolkingsgroep. Proff Kobus van Schalkwyk en Pieter von Wielligh lei die program, terwyl mnr Riaan Rudman die dag-tot-dag-bestuur behartig.

Die Departement se eerste 20 eerstejaar Thuthuka BRek-studente, alombekend as die 'Thuthuka-20', het in 2007 met hul studies begin. Die doelwit is om vanaf 2008 jaarliks 50 nuwe eerstejaar BRek-studente in die Stellenbosch Thuthuka-program te verwelkom. Die studente word saam gehuisves om 'n samehorigheidsgevoel en wedersydse ondersteuning aan te moedig.

Die akademiese jaar het met 'n verwelkoming vir die studente en hul ouers afgeskop, gevolg deur twee weke van jool-aktiwiteite wat aan die studente die geleentheid gebied het om mekaar te leer ken.

Gedurende die eerste semester het die studente aan verskeie van die transformasie- en gehalte-inisiatiewe van die Departement deelgeneem, waaroor ons in 'n vorige uitgawe van die Reknuus berig het. Benewens akademiese hulpprogramme, het die studente doelgerigte modules in lewens- en werkplekvaardighede bygewoon wat deur die Universiteit en ouditeursfirmas gesamentlik aangebied is. 'n Strawwe eerste semester het met 'n spanbougeleentheid afgesluit waar die studente onder andere 'n Thuthuka-liedjie gekomponeer het en 'n bordspeletjie wat op rekeningkundige beginsels gebaseer is, ontwerp het.

Die studente het ook in 2007 aan verskeie gemeenskapsinteraksieprojekte deelgeneem, wat wissel van vrywillige welwillendheidswerk tot die toepassing en oordrag van hulle nuutontwikkelde rekeningkundige kennis in hulle tuisgemeenskappe. Hulle het ook oor dié projekte verslag gedoen. Op kampus is hulle by verskeie projekte, sportsoorte en vereenigings betrokke.

Van die studente het 'n gedeelte van die Junie-vakansie opgeoffer om saam met 'n groep ander universiteitstudente uit die Wes-Kaap op te tree as groepleiers by die *Departement van Wetenskap en Tegnologie/Thuthuka Wiskunde en Wetenskap Ontwikkelingskamp.* Die doel van die kamp was onder andere om Graad 11- en 12-leerders van verskeie skole in die Wes-Kaap vir hul eksamens voor te berei. Die studente het as rolmodelle opgetree deur hulle ondervinding van die universiteitslewe en die verskillende vakke met die leerders te deel. Die kamp is deur die SAIGR gereël, en dit was die Thuthuka-studente se verantwoordelikheid om die daaglikse aktiwiteite by die kamp te beplan en te bestuur. Aan die einde van die derde kwartaal het die SAIGR 'n Thutuka-sportdag in George gehou. Dit was 'n multisport-kompetisie tussen rekeningkunde-studente van die vier kusstreek-universiteite wat aan die nasionale Thuthuka-projek deelneem. Die doel was om die studente toe te laat om met ander studente van deelnemende universiteite te netwerk en verskeie belangrike rolspelers in die rekeningkunde-professie te ontmoet. Stellenbosch het die beste gees gehad en het die sangkompetisie gewen. *Vervolg op bladsy 2.*

Hierdie bladsy is geborg deur

RADEMEYER WESSON
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) Chartered Accountants (SA)

Tygerforum A · 2de Vloer / 2nd Floor · 53 Willie van Schoorrylaan / Avenue · Bellville · 7530
Posbus / P O Box 5700 · Tygervallei / Tygervalley · 7536
+27 (0)21 914 8880 +27 (0)21 914 8881 info@radwes.co.za www.rademeyerwesson.co.za